

Sondag, 24 Januarie 2021

Fokusteks: Psalm 62

Daar is twee stories oor pa's wat iets oor God sê. Die een storie vertel hoe God nie is nie, en die ander hoe Hy werklik is.

Storie 1 - Hoe God nié is nie.

'n Pa het eendag by die huis ingestap en vir sy kind wat op die trap gestaan het, gesê: "Spring, pa sal jou vang." Die kind het gespring en hom byna te pletter geval. Die pa het op die laaste oomblik padgegee. Toe die seun huilend opstaan en na sy pa kyk, sê Hy sê dié vir hom: "Sien, laat dit nou vir jou 'n goeie lewensles wees. Jy moet in hierdie lewe nooit iemand vertrou nie, selfs nie eens jou pa nie."

Storie 2 - Hoe God is.

Daar was 'n pa wat by sy huis aangejaag gekom het om met skok te sien hoedat die huis in vlamme staan. Hy sien toe met afgryse sy seuntjie op die boonste verdieping staan, vasgekeer deur die vlamme. Hy hardloop en gaan staan onder hom en skreeu: "Seun, spring! Pa sal jou vang." Die seuntjie skreeu kliphard: "Ek kan nie vir pa sien nie!" Die pa skreeu terug: "Spring, pa kan vir jou sien." Die seun spring en land veilig in sy pa se arms.

Die skrywer van Ps.62 maak 'n aangrypende, persoonlike verklaring. Net God alleen is betroubaar. Jy kan Hom met jou lewe vertrou. By Hom kan jy waarlik stil word en tot rus kom. Waar word hierdie rus beleef? Reg binne-in die storm! Daar waar die moeilikheid is. Daar waar jy moet worstel met gebeure en omstandighede in jou lewe wat dreig om jou lewensvreugde van jou af weg te neem. Dit is wat Dawid beleef en waarvan hy in hierdie Psalm getuig.

Elkeen van ons het een of ander tyd 'n behoefte aan rus. 'n Plek waar ons veilig en geborge kan voel, te midde van die onrus van die lewe. Lewers waar ons kan stil word, kan kompenseer vir die gejaagdheid van die lewe. Party mense probeer die gejaagdheid en onrustigheid ontkom deur nog méér geraas, meer besittings, beter prestasies, meer sukses. Maar dit bring uiteindelik net meer spanning mee. Ander probeer die gejaagdheid van die lewe vervang met 'n gejaag na die see, die berge, vakansie-oorde. Dan gebeur dit dat jy so moeg vakansie gehou het, dat jy die eerste paar dae terug by die huis eers moet uitrus!

Die psalmskrywer soek na stilte en hy kry dit ook. Watter soort stilte? Jy kry baie soorte stiltes. Die stilte voor die storm. Gespanne stiltes, soos net voor die begin van 'n belangrike wedstryd of wedloop. Jy kry ongemaklike stiltes waar jy ontuis voel, of jou kind jou in verleentheid bring. Of jy beleef die sagte stilte van die natuur. En dan is daar die dikmond-stilte - wanneer iemand nie sy sin kon kry nie. Of jy staan stil voor die noodlot met sy dinge wat oor jou pad gekom het. Die stilte waar mense sê jy moet jou krisis maar gelate aanvaar in die lewe; jy kan niks daaraan doen nie.

Dit is nie die soort stilte waarvan Ps.62 praat nie. Want Dawid weet van dinge wat die stilte verbreek, en wreed verbreek! Verse 4,5 laat ons die indruk kry dat hy die donker kant van die lewe ken. Trouens, hy is op die randjie van ineenstorting. Die storms is realiteit in sy lewe. Hy moet gebuk gaan onder vals beskuldigings. In v.5 kla hy oor die verfynde karaktermoord wat mense pleeg - *Hulle probeer my uitwerk; hulle skep behae in leuens; met die mond seën hulle, en met die hart vervloek hulle.* Dis hierdie vernedering en verdagmakery wat hom neerdruk. Jy kry mense wat met 'n glimlag op die gesig rondloop, maar in die hand is daar 'n mes. Dis nie net gemene *dinge* nie, maar ook gemene *mense* met wie hy te doen het in sy lewe. Hulle is letterlik rusverstoorders. Mense wat alewig die lewe vir jou moeilik maak. Sodanig dat jy soos 'n muur voel wat op die punt is om omgestamp te word.

En midde-in hierdie storm kry die digter dit reg om rus en stilte te vind. Hoe kry hy daardie stilte? Hoe kry jy rustigheid wanneer die stryd op sy ergste is? Is dit moontlik? Hierdie psalm sê dit is moontlik. *Hierin handel dit juis oor die kuns van stil word binne-in die storm!* Dit is die geheim wat die digter aan ons wil gee.

Die geheim is dat jy God se stem bo die storm moet hoor. En daarvoor moet jy self stil word en begin luister. Die teoloog, Walter Brueggeman, sê ons is *geskape om te kan luister*. Nog iemand anders, die filosoof, Kierkegaard, skryf soos volg: *Hoe meer ek gebid het, hoe minder het ek gepraat, totdat ek stil geword het. Eers het ek gedink bid is om te praat; toe het ek geleer dat gebed nie blote stilswye is nie, maar luister...stil word, totdat jy God hoor*. Hierdie luister behels 'n noue verbintenis met God. 'n Intieme gemeenskap met ons Skeppergod. Dit kom deur 'n inoefeningsproses waar ons leer om al minder op onself te vertrou, en al hoe meer op God. Die skrywer wat hier bid is net aan sy God verbind. Dwarsdeur sy lewe, ja, waar hy ook al was, het hy God se beskerming en redding ondervind. God is oral, Hy kan oral help en enige plek red. Drie maal bely hy - *Nét by Góð vind ek rus...* net by Hóm alleen. So ervaar hy God se teenwoordigheid te midde van die geweldige stryd in sy lewe.

In die kern van orkane is daar baie min wind of selfs geen wind. Dit is die kalmste plek in 'n orkaan. Dit is die radius rondom hierdie kern waar die wind teen 'n baie hoë spoed kan waai. Dit is na daardie kern wat die digter soek - in die middel van die storm!

Dawid is nie besig om die werklikheid te ontvlug nie; hy probeer 'n anker soek wat hom kan laat vasstaan wanneer die storms kom. En die anker is God. Die digter sê nie dat God **soos** 'n rots is nie; Hy **is** die rots! Net in Hom kan hy bly staan tydens die storm. Enigiets anders as God kan nie vertrou word nie. Twee sake word as voorbeeld genoem - geweld en rykdom. V.10: *Mense is verganklik*; v.11: *Moenie op geweld vertrou nie; roof sal jou niks in die sak bring nie; rykdom moet nie te na aan jou hart lê nie*. Juis in die leegmaak van hierdie dinge voor God, kan ons sy stem hoor. Hierdie dinge besit geen mag nie; dit bring nie rus nie. Net soos mense is dit glad nie betroubaar nie. V.12: *Net God alleen het mag...* En hoe besef ons dit nie in hierdie tyd van die Covid-pandemie nie. Skielik is wêreldsgoed van minder belang. Nou ontdek ons ons brose gesondheid, ons swakheid en nietigheid as mens. Elke lewendag en elke asemteug is 'n stukkie genade.

Die digter praat van mense wat sy lewe onrustig maak, rusverstoorders. Daar is ook baie ander omstandighede wat ons rus versteur - onsekerheid oor die toekoms, siekte en dood. Die pandemie wat soveel hartseer en ontwrigting bring konfronteer my met my sterflikheid. Die meeste van ons het teen hierdie tyd al kennis geneem van vriende en kennisse wat gesterf het weens die Covid-virus. Dalk probeer jy nou nog sin maak van jou eie dierbare wat in die afgelope maande hierdeur getref is, en gesterf het. Die dood simboliseer afstand, wanhoop, skeiding van geliefdes. Tog het God ook met die dood 'n plan gemaak. Hy het die dood op sy plek gesit. Jesus se opstanding uit die graf en oorwinning oor die dood word ook my oorwinning. Ek kan my lewe én my sterwe aan die Here toevertrou. Wanneer ek deur omstandighede soos siekte en dood vasgekeer word soos die seuntjie deur die vlamme, en ek nie meer uitkoms sien nie, wanneer die onrus in my lewe my verblind vir enige verdere hoop, dan kan ek blindelings in die arms van God spring. Soos Dawid in Ps.23 sê: *Al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie. In u hande is ek veilig*. Selfs in die dood bring God vir my rus. Selfs dáár kan ek Hom vertrou vir sy redding.

Ons probeer nie vandag om die gebroke werklikheid van ons bestaan of selfs die dood te ontvlug nie, maar om die werklikheid van God aan te hoor. Net soos die psalmdigter wat rus by God soek midde-in die storm. Ons word stil om God se stem bo die lewenswerklikheid te kan hoor, sodat daar vrede in ons kan kom, en ons met 'n boodskap van hoop die wêreld kan ingaan. Die lewe is nie makliker nie; die storms hou nie op nie. Ons mag dalk deur 'n storm omring word, maar God omring ons met storms en al! Hy hou ons vas sodat ons deur die geloof aan Hom kan vashou. Ons is nie meer soos 'n skip sonder 'n anker nie. Ons word nie meer deur die golwe heen en weer geslinger nie. Ons word vasgehou deur ons Anker - God self.

In die Nuwe testament lees ons dat Jesus hierdie uitnodiging rig (Mat.11:28-30):

²⁸“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. ²⁹Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. ³⁰My juk is sag en my las is lig.”

Die anker wat ons het, is Jesus Christus. Midde-in ons onrus sal ons ontdek dat God wel teenwoordig is, naby ons is. Christus is die anker wat keer dat ons nie meegesleur word nie.

Dit beteken dat ons enige onnodige vrag uit die skip moet gooi, alles wat jy nie met jou lewe kan vertrou nie, sodat net God alleen oorbly. Op hierdie wyse word ons versterk om weer terug in die storm in te vaar! Terug om veranderend te lewe en ander te bemoedig. Miskien worstel jy ook in hierdie tyd, net soos die skrywer van Psalm 62, om God te vertrou. Spring maar deur die vlamme, al sukkel jy om Hom te “sien.” Hy sal jou vang!

Gebed (Liedboek 501)

Ek het toe wilde storms gewoed het,
diep onder, vaste rots gevind.

Die woord wat my van ramp behoed het:

God is my Vader; ek sy kind.

My anker is dáár vasgemaak - ek glo! -
niks sal dit los laat raak.

Dié vastigheid het die Getroue,
my Heiland, met sy dood gelê.

Ek is Gods kind en in vertrou
kan ek dit glo; sal ek dit sê.

Al kom daar onweerswolke aan,
die woord is vas: Die rots bly staan.